

MEESTERS IN OPVOEDKUNDE IN OPVOEDKUNDIGE SELKUNDE - MEDPSIG

Die doel van die program

Die doel van die program in Opvoedkundige Sielkunde is die ontwikkeling van navorsingskapasiteit, teoreties gegronde kennis, vaardighede en gesindhede wat 'n student sal toerus om as opvoedkundige sielkundige in die Suid-Afrikaanse konteks te praktiseer. Studente wat die program asook die daaropvolgende voorgeskrewe internskap van twaalf maande suksesvol voltooi sal as opvoedkundige sielkundiges kan registreer by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (*Health Professions Council of South Africa – HPCSA*).

Verwys na die US-jaarboek (Opvoedkunde) vir verdere besonderhede rakende die spesifieke modules: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar>

Let wel

Indien u aan die toelatingsvereistes voldoen, word u nie noodwendig outomaties gekies vir die program nie. **Indien u aansoek aan die vereistes voldoen, sal u genooi word om deel te neem aan die keuringsproses op kampus.**

Die duur en aanbiedingswyse van die program

Die US se MEd-graadprogram in Opvoedkundige Sielkunde kan soos volg gevolg word:

Twee jaar deelyds (na ure)

- Die eerste jaar bestaan uit akademiese modules en toelating van navorsingsvoorlegging.
- Die tweede jaar bestaan uit praktikum-modules, goedkeuring van die internskapprogram (inhandiging einde van Julie) en voltooiing van tesis.
- In die derde jaar moet 'n verdere voltydse goedgekeurde internskap van twaalf maande (wat deur die student gereël word) voltooi word. Die Suid-Afrikaanse Beroepsraad vir Sielkunde se eksamen moet ook geslaag word voor 'n student in aanmerking kan kom om as 'n Opvoedkundige Sielkundige te registreer by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (*Health Professions Council of South Africa – HPCSA*). Die internskap is nie deel van die graad nie – studente moet die graad voltooi voor hulle met die internskap kan begin.

Vereistes

Studente mag aansoek doen vir hierdie program indien hulle oor die volgende beskik:

1. **Hons BEd in Opvoedkundige Sielkunde** (dus BPsig ekwivalent) of **BEdPsig** of 'n **goedgekeurde graad in Sielkunde**;
2. 'n Goedgekeurde **onderwyskwalifikasie** (hierdie onderwyskwalifikasie moet verkry word van 'n erkende nasionale hoëronderrysinstelling en geakkrediteer wees volgens die relevante voorwaardes van 'n Suid-Afrikaanse kwalifikasie op NKR vlak 7 (byvoorbeeld NOS of BEd). In die geval van 'n internasionale kwalifikasie, moet die kwalifikasie ook deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-

owerheid (SAQA) geverifieer word as 'n ekwivalent van 'n Suid-Afrikaanse onderwyskwalifikasie by www.saga.org.za. Die amptelike dokumente moet voor 30 Junie saam met die aansoek vir die program ingehandig word;

3. 'n Minimum van twee jaar se onderwyservaring (hierdie ervaring moet opgedoen word ná die voltooiing van die onderwyskwalifikasie en moet by 'n skool, kollege of universiteit opgedoen word). Ervaring moet gebaseer wees op formele ervaring as 'n onderwyser/opvoeder, ongeag of dit permanent, op kontrak basis, aaneenlopend, by 'n staatsinstansie, informele instansie of privaat skool omgewing was. Bewyse hiervan moet die detail van die betrokke posbeskrywing(s) insluit.
4. 'n Minimum van 65% vir Opvoedkundige Sielkunde of sielkunde-georiënteerde vakke op NKR vlak 8.
5. Addisionele keuringskriteria:
 - Akademiese skryfbevoegdheid
 - Intrapersoonlike en interpersoonlike vaardighede
 - Rekenaargeletterdheid

Let wel

Die inhandiging van 'n inskrywingsvorm verseker nie dat u outomaties uitgenooi sal word na die tweede fase van die keuring nie.

Die keuringsproses vir 2017 vind plaas by die Fakulteit Opvoedkunde, Ryneveldstraat, Stellenbosch, van 22 – 25 Augustus 2016. Kandidate wat kwalifiseer en die tweede fase van die keuring moet bywoon sal ná Julie ingelig word.


Hoe om aansoek te doen

AANLYN-AANSOEKE OPEN OP 1 MAART 2016 VIR 2017.

Die jaarboek kan ook gelees word by

<http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar>

Só lyk die eerste beeld wat u op www.maties.com sal sien:



Nagraadse inskrywingsvorme moet aanlyn voltooi word op die universiteit se webtuiste: www.sun.ac.za of verkry word van die administrasie-afdeling van die Universiteit se Kliëntediens: info@sun.ac.za | 021-808 9111.

NB Vir spesifieke riglyne rakende die aansoekproses, raadpleeg die volgende dokument: [Aansoekvorm vir MEdPsig 2016](#).

Indien aansoekers probleme met aansoeke ervaar, of dalk geen toegang tot elektroniese fasiliteite het nie, kan ons Kliëntediens-sentrum by info@sun.ac.za of tel. 021-808 9111 gekontak word.

Indien u wel gedurende die jaar waarin aansoek gedoen word by die US geregistreer is, kan u 'n e-pos aan me Euné Louwrens stuur om direk aansoek te doen (Meimaand se kant). U kan ook navrae aan haar rig oor administratiewe en program-aangeleenthede. Haar e-posadres is eel@sun.ac.za

SLUITINGSDATUM: 30 JUNIE 2016

Vir verdere inligting

Besoek <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar.aspx> (Deel 6) of kontak US kliëntediens: info@sun.ac.za of 021-808 9111.

Vir spesifieke **program inligting**, kontak mev. Mariechen Perold by mdperold@sun.ac.za

Vir inligting oor **kostes** van die program, raadpleeg Deel 3 van die jaarboek of besoek

<http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/2016/StudentFees2016.pdf>

Vir inligting oor **beurse en lenings**, raadpleeg Deel 2 van die jaarboek.